

## **Hersiene riglyne vir die integrasie van inligtinggeletterheid in alle voorgraadse leer- en onderrigprogramme**

### **1. Inleiding**

Om 'n leer en onderrig program te bemeester en die verwagte uitkomste te demonstreer, moet studente tot 'n voldoende mate oor die kennis, vaardighede en houdings wat vir elke module binne die program vereis word, beskik. Om akademies suksesvol te wees, het studente benewens dissiplinegerigte kundighede, algemene vaardighede nodig, byvoorbeeld denk-, skryf- en inligtingsvaardighede. Dit is byna onmoontlik om hierdie algemene of generiese vaardighede van mekaar te isoleer aangesien hulle mekaar aanvul en gesamentlik waarde tot elke module voeg. Die Senaat het besluit dat daar op 'n *geïntegreerde wyse* in alle programme voorsiening gemaak moet word vir die aanleer en inoefening van generiese vaardighede. Binne die konteks van die Universiteit van Stellenbosch se *Strategie vir Leer en Onderrig 2002-2004*<sup>4</sup> word inligtingsgeletterdheid as 'n kritieke bousteen van die strategie beskou. Hierdie dokument dien derhalwe om riglyne aan fakulteite en akademiese diensomgewings te voorsien, om die doelwit van inligtingsgeletterdheid in alle programme te bereik.

Dit is belangrik om daarop te let dat die meeste van die riglyne wat hier voorgestel word vir die integrering van inligtingsgeletterdheid tot 'n baie groot mate alreeds in leer- en onderrigprogramme geïmplimenteer word. Die riglyne behoort geen groot koersveranderinge in leer- en onderrigstrategie te verg nie, maar sal bydra om inligtingsgeletterdheid eksplisiet te maak in die beskrywings van kursusraamwerke en uitkomste, en derhalwe in die praktyk.

### **1.2 Die volgende strategiese besluite het aanleiding tot die riglyne i.s. inligtingsgeletterdheid gegee:**

1.2.1 Die bevordering van inligtingsgeletterdheid spruit voort uit die missie van die Universiteit van Stellenbosch en die universitêre ideaal *om 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word.*

1.2.2 Algemene vaardighede word, naas dissipline-gerigte vaardighede<sup>2</sup> in die Universiteit se *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en daarna*<sup>3</sup>, as 'n area van vernuwing in alle leer- en onderrigprogramme uitgelig.

1.2.3 Kurrikulum-geïntegreerde inligtingsvaardighede vir alle programme word in die Universiteit se *Strategie vir Leer en Onderrig 2002-2004* uitgelig as generiese vaardighede waar daar spesiale inisiatiewe onderneem sal word.

## **2. Begripsomskrywing**

**2.1 Generiese vaardighede:** Hierdie is algemene vaardighede wat in 'n verskeidenheid van dissiplines toegepas word. 'n Vaardigheid dui op die vermoë om 'n taak volgens 'n vooraf bepaalde standaard van bevoegdheid uit te voer.

**2.2 Inligtingsgeletterdheid:** In terme van hierdie raamwerk word die *American Library Association*<sup>4</sup> se definisie van inligtingsgeletterdheid aanvaar, naamlik: *"To be information literate, a person must be able to recognise when information is needed and have the capacity to locate, evaluate, and use effectively the needed information."*

**2.3 Inligtingsvaardighede**<sup>5</sup>: Die Universiteit verwag die volgende inligtingsvaardighede van studente:

- kennis van die kern inligtingsbronne in hul betrokke studierigting
- om 'n probleem te kan identifiseer / beskryf en vervolgens toepaslike vrae te kan formuleer vir inligtingsverkryging in hul betrokke studierigting
- om inligting in 'n verskeidenheid van kontekste te kan vind, evalueer, analiseer, organiseer en te gebruik
- om inligting in geskrewe, numeriese en grafiese formate, te kan interpreteer
- om inligting te kan integreer met bestaande kennis, en
- om inligting gekontekstualiseer en verantwoordelik te kan kommunikeer en/of rapporteer

**2.4 Inligtingsverrykte module:** Hiermee word verwys na 'n spesifieke module(s) wat binne elke program geïdentifiseer word as die module(s) waar inligtingsgeletterdheid as 'n uitkoms geformuleer word en derhalwe aangespreek word. Die uitkomste vir inligtingsgeletterdheid sluit aan by die normale uitkomste wat vir die betrokke module gestel word en inligtingsvaardighede word geïntegreer binne die module aangeleer en volgens die gestelde standaarde geassesseer.

### **3. Uitgangspunte t.o.v. die integrasie van inligtingsgeletterdheid in die kurrikulum**

**3.1** Bestaende kredietdraende modules wat ten doel het om die beginsels van rekenaar- en of inligtingsvaardighede by studente tuis te bring of te laat inoefen, word nie deur hierdie riglyne geraak nie en word normaalweg voortgesit. Dit vervang nie vakspesifieke inligtingsvaardighede wat deur dosente en die US Biblioteekdiens aangebied word nie.

**3.2** Doelbewuste beplanning word gedoen om inligtingsgeletterdheid, of meer spesifiek die inoefening en aanleer van inligtingsvaardighede, op 'n geïntegreerde wyse in alle programme aan te spreek. Om die integrasie van inligtingsgeletterdheid in kurrikula te bewerkstellig, word daar in die ontwikkeling van uitkomst van inligtingsverrykte modules hiervoor voorsiening gemaak.

**3.3** Assessering van inligtingsvaardighede vind op toepaslike en geïntegreerde wyse binne die inligtingsverrykte modules plaas (sien 4.6).

**3.4** Evaluering van leer- en onderrig t.o.v. inligtingsgeletterdheid vind op 'n gereelde basis plaas as 'n onderdeel van progamevaluering met die doel om te evalueer, hersien, verbeter of om kennis daaromtrent te genereer.

**3.5** Onderrig en dienslewering van fakulteite en diensafdelings t.o.v. inligtingsgeletterdheid geld vir alle ingeskrewe studente van die universiteit, naamlik:

- Voltydse en deeltydse studente op kampus
- Afstandsonderrigstudente
- Studente wat te ver van die onderskeie kampusse woon om reëlmatig die biblioteek te besoek
- Studente wat leerhindernisse ervaar

### **4. Beplanning, aanbieding en assessering van inligtingsvaardighede**

**4.1** Fakulteite, die Sentrum vir Onderrig en Leer, die Biblioteekdiens, en Akademiese Steundienste deel die verantwoordelikheid om integrasie van inligtingsgeletterdheid in inligtingsverrykte modules te laat geskied, soos vermeld in punt 5.

**4.2** Die integrasie van inligtingsgeletterdheid in die kurrikula sluit aan by die sistematiese proses van hersiening van leer- en onderrigprogramme.

**4.3** Inligtingsgeletterdheid word as 'n programspesifieke uitkoms in die Jaarboek vanaf 2005 onder die beskrywings van onderrigprogramme ingesluit.

**4.4** Dit is die verantwoordelikheid van die dosente en programkoördineerders om te verseker dat inligtingsgeletterdheid as 'n uitkoms in kursusraamwerke van inligtingsverrykte modules vanaf 2005 vermeld word.

**4.5** Dit is die verantwoordelikheid van die Biblioteekdiens om opleiding en begeleiding van die spesifieke inligtingsvaardighede soos vermeld in 5.2.1 aan beide dosente en studente te bied en moet daarvoor in hulle jaarprogram voorsiening maak.

#### **4.6 Assessering van inligtingsvaardighede**

4.6.1 Assessering vind binne die geïdentifiseerde inligtingsverrykte module(s) plaas.

Inligtingsvaardighede word nie in isolasie geassesseer nie, maar word geïntegreerd met die ander uitkomst wat vir die module beoog word, gedoen volgens kriteria wat op die uitkomst van die inligtingsverrykte module afgestem is.

4.6.2 Gepaste assessering sluit onder meer in die beoordeling van die:

- omvang van die inligting
- doetreffendheid en effektiwiteit van die soekstrategie
- geldigheid van die inligting en die betroubaarheid van die bronne
- die integrering van die inligting in studente se eie kennisdomein en waardesisteem
- doeltreffende gebruik van die inligting om die opdrag te voltooi (doel te bereik)
- begrip vir ekonomiese, wetlike, sosiale en omgewingsaspekte van die gebruik van inligting

4.6.3 Assessering van inligtingsvaardighede kan deel vorm van geïntegreerde assessering, m.a.w. spesifieke assesseringsgeleenthede waarin programuitkomst as geheel en oor module- en dissiplinegrense heen geassesseer word.

### **5. Implementering van die riglyne**

#### **5.1 Akademiese omgewing**

Die verantwoordelikheid vir die implementering van die raamwerk i.s. inligtingsgeletterdheid vorm deel van die normale akademiese bestuursprosesse.

##### **5.1.1 Die rol van programkomitee voorsitters en programkoördineerders**

Volgens 'n Senaatsbesluit<sup>6</sup> berus die bestuur van die gehalteversekering van leer- en

onderrigprogramme by programkomiteevoorsitters en programkoördineerders.

- Dit is die taak van die programkomiteevoorsitters om die jaarlikse programhersieningprosesse binne die fakulteit te koördineer. Hulle sien onder andere toe dat spesifieke modules as inligtingsverrykte modules geïdentifiseer word. Uitkomst vir inligtingsgeletterdheid word geformuleer en sluit aan by die normale uitkomst wat vir die betrokke module gestel word.
- Programkoördineerders moniteer dat die uitkomst van die program gehaal word en dat toepaslike assesseringskriteria en -metodes gebruik word ook wat inligtingsgeletterdheid betref. (sien 4.6.1)
- Programkoördineerders moniteer verder ook dat studenteterugvoer oor die program as geheel opgeneem en opgevolg word. (Die generiese vraelys bevat 'n vraag oor inligtingsgeletterdheid<sup>7</sup> wat as 'n indikator gebruik kan word vir suksesvolle integrasie van inligtingsgeletterdheid in die program).

### **5.1.2 Rol van die dosente**

5.1.2.1 Dosente van "inligtingsverrykte modules" lig studente in oor uitkomst en assesseringskriteria t.o.v. inligtingsgeletterdheid.

5.1.2.2 Dosente reël met die betrokke tak-/vakbibliotekaris van die Biblioteekdiens om opleiding in vakverwante inligtingsvaardighede soos onder 5.3.1 vermeld, aan studente aan te bied.

5.1.2.3 Dosente van inligtingsverrykte modules speel 'n fasiliterende rol in die bevordering van inligtingsgeletterdheid van studente. Studente word deur die dosente begelei om:

- akkurate en volledige inligting (tekstueel, numeries en grafies) te gebruik as die grondslag vir intelligente besluitneming
- te bepaal presies welke aspek van 'n betrokke probleem opgelos moet word en watter inligting daarvoor benodig word
- vrae te formuleer om te verseker dat inligting spesifiek genoeg is
- inligting te interpreteer, analiseer, organiseer, integreer, en die geldigheid van inligting krities te evalueer

5.1.2.3 Alle dosente behoort hulleself ten doel te stel om 'n redelike vlak van inligtingsgeletterdheid te bereik. Werkswinkels wat deur die Biblioteekdiens en Sentrum vir Onderrig- en Leer aangebied word, kan bygewoon word en behoeftegerigte advies kan van die genoemde afdelings ingewin word.

#### **5.2 Bestuur**

Die VR(O) dra die verantwoordelikheid om toe te sien dat modules 'n bevredigende vlak van inligtingsgeletterdheid handhaaf/insluit en op 'n gereelde basis gemoniteer word, soos in die geval van ander generiese vaardighede. Die VR(O) versoek die KLO om toepaslike aanbevelings aan die Akademiese Beplanningskomitee en die Senaat te maak.

### **5.3 Akademiese ondersteuning**

Die suksesvolle implementering van die riglyne t.o.v. inligtingsgeletterdheid vorm deel van die normale lynfunksiebestuursprosesse van diensomgewings.

#### **5.3.1 Rol van die Biblioteekdienste**

Opleiding in inligtingsvaardighede is as 'n spesifieke en doelgerigte funksie in die *Strategie vir die Millenium: 'n Nuwe Rol binne die Globale Inligtingswêreld 2000*<sup>8</sup> bevestig en deur die Senaat aanvaar.

5.3.1.1 Na gelang van behoefte bied die Biblioteekdiens jaarliks 'n aantal seminare, werkswinkels en/of gespreksessies aan wat opleidingsbehoefte t.o.v. inligtingsvaardighede van doserende personeel aanspreek.

5.3.1.2 Die Biblioteek gee leiding aan studente in opdrag en met samewerking van doserende personeel om:

- relevante en waardevolle primêre en sekondêre inligtingsbronne te identifiseer
- suksesvolle soekstrategieë in beide die papier en elektroniese domein vir geïdentifiseerde bronne te ontwikkel
- kopiereg te eerbiedig
- die geloofwaardigheid en geskiktheid van inligtingsbronne krities te evalueer
- aanvaarde konvensies t.o.v. verwysing na primêre en sekondêre bronne te gebruik

5.3.1.3 Biblioteekpersoneel van Gespesialiseerde Inligtingsdienste ontvang die nodige opleiding om die genoemde take wat aan die Biblioteekdiens opgedra is, te behartig.

5.3.1.4 Tegniese beperkings op afstandstoegang tot databasisse en elektroniese inligtingsbronne word bestuur.

5.3.1.5 Daar word jaarliks 'n verslag aan die Biblioteekkomitee gestuur.

### 5.3.2 Rol van Akademiese Steun

- Na gelang van die behoefte, bied die Sentrum vir Onderrig en Leer seminare, werkwinkels en/of gespreksessies vir dosente aan t.o.v. inligtingsgeletterdheid. Wenke kan byvoorbeeld oor die integrasie van inligtingsgeletterdheid in die kurrikulum, die ontwerp van effektiewe opdragte en die assessering van inligtingsvaardighede gegee word.
- As deel van die Verlengde Graad- en Mentorprogramme ontvang studente met agterstande addisionele hulp m.b.t. inligtingsgeletterdheid.
- Die Sentrum vir Onderrig en Leer oorweeg die ontwikkeling van verdere addisionele hulpmeasures om spesifieke bystand aan onderwysbenadeelde studente te gee wat inligtingsgeletterdheid betref.
- Daar sal jaarliks aan die KLO verslag gelewer word.

### 5.4 Monitering

Monitering van die implementering van hierdie riglyne geskied geïntegreerd met die normale jaarlikse programherieningsproses en die periodieke proses van programmevaluering.

Die hersiene riglyne tree in werking met ingang 1 Januarie 2005.

*Oorspronklike weergawe goedgekeur deur ABK, Senaat en Raad, November 2003. Hersiening goedgekeur deur die ABK op 10 November 2004.*

---

<sup>1</sup> Universiteit van Stellenbosch. Strategie vir Leer- en Onderrig 2002 – 2004. Goedgekeur deur die Senaat in Oktober 2001.

<sup>2</sup>SAKO-regulasies vereis dat studente sekere algemene bevoegdhede en vaardighede op toepaslike wyse in die loop van hulle studies sal verwerf. Sien The National Qualifications Framework and Curriculum Development, M Nkomo. [http://www.sqa.org.za/structure/nqf/docs/curriculum\\_dev.pdf](http://www.sqa.org.za/structure/nqf/docs/curriculum_dev.pdf). Accessed 1/9/2003.

<sup>3</sup>Universiteit van Stellenbosch. Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en daarna. Goedgekeur deur die Senaat in April 2000.

<sup>4</sup>American Library Association Presidential Committee on Information Literacy (1989). Final Report, ALA, Chicago.

[http://www.ala.org/Content/NavigationMenu/ACRL/Publications/White\\_Papers\\_and\\_Reports/Presidential\\_Committee\\_on\\_Information\\_Literacy.htm](http://www.ala.org/Content/NavigationMenu/ACRL/Publications/White_Papers_and_Reports/Presidential_Committee_on_Information_Literacy.htm)

Accessed 1/9/2003.

<sup>5</sup>Inligtingsvaardighede moet onderskei word van rekenaarvaardighede: eersgenoemde fokus op die soeke na kennis en begrip, terwyl laasgenoemde op apparatuur, programmatuur en ander tegnologie fokus.

<sup>6</sup>"Pligte en verantwoordelikhede van Programkomiteevoorsitters en Programkoördineerders" (Senaatsnotule 20 Augustus 2004)

<sup>7</sup>Studenteterugvoer oor programme sluit die volgende stelling in: Die program het my geleer om inligting (gedruk en elektronies) in te samel, te analiseer, te organiseer, te evalueer en te gebruik.

<sup>8</sup>Senaatsnotule 8 Junie 2001.